

Luister weer na stemme uit die verlede

Die weerstand teen die sogenaamde Eurosentriese kultuur in sommige kringe in Suid-Afrika is verstaanbaar, maar nie noodwendig wys nie. COENIE SLABBER durf die netelige aspek van die kultuurdebat aan.

VROEER was daar Afrikaanssprekendes wat uitgesien het na die ontwikkeling van hul eie taal en letterkunde. Hulle het ongeduldig geraak met Nederlands en Engels wat, so het hulle gedink, hul taal oorheers en vertraag.

Nou is daar weer opgevoede swart jongmense wat glo dat hul eie tale deur Engels en selfs Afrikaans oorheers en die groei van hul eie letterkunde gekeer word. Maar dit is belangrik om te onthou dat Engels en Afrikaans op hul beurt self ontwikkel het onder die stimulus van vreemde tale en letterkundes.

Die grote Engelse letterkunde, byvoorbeeld, het na vore gekom in die tyd van die Renaissance deur die imitasie en vertaling van Italiaanse, Franse, Griekse en Latynse skrywers. Woorde en literêre vorme is vrylik uit die vreemde geleen. Shakespeare self het sy dramas gehaal uit die Italiaanse en die klassieke verhale.

Baie stories in Afrika ontwikkel uit die mondelinge tradisie. Hulle sal die stimulus van idees en die vorme van die Westerse tale nodig hê om suksesvol tot eie geskrewe literatuur te ontwikkel. Met die geskiedenis van die Engelse in Afrika, om van die Afrikaner in Suid-Afrika nie eens te praat nie, kan daar haat vir die wit beskawing en kultuur en letterkunde in Afrika en Suid-Afrika wees.

Die Engelse kan maar dink hoe daar tye in hul eie geskiedenis was dat hulle alles wat Frans of Duits was, verafsku het. Maar dit is nie iets waarop die Engelse vandag trots is nie, en dit sou jammer wees as die nuwe Suid-Afrika om dié soort rede Shakespeare of Van Wyk Louw of Opperman of wie ook al verwerp.

Daar kan ook 'n houding by jong opgevoede Afrikaner wees dat daar nie nog tyd is om letterkunde te lees terwyl Rome brand nie. Jongmense neig om te vergeet hoe stadig die mars van die geskiedenis is. Daar is soms vroeë hoekom word Shakespeare en Dickens en Jane Austen in Suid-Afrika of Afrika bestudeer. Dit is die vroeë wat die bekende letterkundige van Cambridge en Wits, Alan Warner, reeds in die vyftigerjare gestel het toe hy sy intrede by die Universiteit van Kampala gelewer het.

Dis vroeë wat vandag nog net so geldig is as destyds. Ook in Suid-Afrika, waar die debat oor die sogenaamde Eurosentriese kultuur tans hewig woed.

Shakespeare en Dickens en Austen is nie langer net Engelse skrywers nie. Hulle het deel geword van 'n wêreldtradisie.

Shakespeare se dramas is in baie tale vertaal en hulle word oral in die wêreld gelees.

As Afrika of Suid-Afrika wil tel in die wêreld se toekoms, moet opgevoede Afrikaner buite die grense van Afrika kyk en burgers van die wêreld word.

Een van die belangrikste dinge wat die studie van die letterkunde vir ons kan doen, is om die wurggreep van die hede op die gees te verbreek en ons in verbinding te stel met die 2 000 jaar lange reis van die mens.

SOMMIGE vind dit moeilik om te verstaan. Die hede is tog wat vir ons saak maak. Hoekom sou ons ons ophou met Homeros, Plato, Shakespeare of Milton? Hulle het nie ons wêreld en ons probleme geken nie.

As ons alles uit vandag se oogpunt sien, sien ons dit nie in perspektief nie. Tensy ons iets van die verlede weet, het ons geen basis vir vergelyking en oordeel nie. Wanneer ons kontemporêre probleme bespreek, is ons so betrokke dat dit moeilik is om ons gedagtes vry te hou van irritasie, kontroversie, partygebondenheid, eiebelang, vrees, hoop. Maar dit verdwyn alles wanneer die stemme na ons toe kom uit die verre verlede.

'Die studie van die letterkunde kan die wurggreep van die hede op die gees verbreek en ons in verbinding stel met die 2 000 jaar lange reis van die mens'

Ons kan na hulle luister met belangstelling en onpartydigheid en afstand. Dieselfde dinge sou ons net kwaad gemaak het by 'n moderne skrywer.

Ons verstand begin suiwer en skoon werk, en ons oorweeg die waarheid of die foute van 'n leerstelling in 'n droë lig eerder as in die klam sweterige grysheid van omstredenheid. Om dit te doen, is opvoeding.

Die uitwerking is soos dié van komedie waar ons onpartydig na ons eie situasie kyk en tog vir onself kan lag.

Hierdie afstand-kry, hierdie losmaking, is een van die baie dinge wat die kunste bereik; en daar is min dinge wat só goed is om die venyn en die bitterheid uit omstredenheid te neem. Om daardie geestestoestand te bereik, is 'n hoofmerk van opvoeding.

'n Beswaar wat soms teen die studie van Engelse letterkunde in Afrika ingebring word, is dat dit nie verstaan kan word nie, omdat dit 'n uitheemse letterkunde is. Hoe kan 'n leerling of student in Johannesburg of Middelburg, Bethlehem, Cradock of Kampala reageer op Keats se "Ode to a Nightingale" as hy nog nooit 'n nagtegaal gesien of gehoor het nie?

Maar min kinders in Engeland het al die ondervinding gehad.

Die waarheid is dat alle letterkunde in mindere of meerdere mate te doen het met primêre menslike emosies. Alle groot letterkunde het 'n universele aantrekkingskrag. Die menslike belangstellings is gerig op eenderse dinge in verskillende tye en op verskillende plekke. Liefde, dood, en oorlog; vreugde, hartseer, moed, gekskerdery met die dwase . . . almal temas van gedigte oral ter wêreld.

Deur letterkunde word ons meer bewus van gemeenskaplike menslikheid. Ons word geroer deur die vreugde of die lyding van 'n karakter in 'n boek of 'n drama, en word vir 'n oomblik een met 'n groter wêreld.

WARNER sluit uiteindelik sy intrede só af:

"Deur Homeros, Shakespeare en Donne na die trope te bring, sê ons nie aan die studente van Afrika: vergeet Afrika en die probleme van die hede en dompel juis in die verlede van vreemde lande ver van die trope nie.

"Ons sê eerder: verdiep jul bewus-wees van die lewe en van die aard van manne en vroue. Vermeerder jul oop-wees vir en reaksie op die kuns van die gedig en die drama en die roman; voel die mag van woorde om die subtiliteite van menslike denke en gevoelens uit te druk.

"Oorweeg die beste wat gedink en gesê is in die wêreld, voordat julle dit navolg wat miskien minder as die beste is.

"Die groot skrywers skryf oor hulself en oor hul eie tye maar hulle kan julle help om jul eie self en jul eie wêreld beter te verstaan. Hulle sal vir julle 'n dieper bewus-wees bring van die glorie en die terreur van menslike bestaan. Deur hulle sal julle meer ten volle die gees erf, nie van die wit man of die bruin man of die swart man nie, maar die gees wat geen kleur het nie, die gees van die mensheid."

Coenie Slabber is die kunsredakteur by Rapport.

(Met erkenning aan Rapport)